| 23 Januarie | NG Gemeente Kogelberg | 2026 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 25 JANUARIE 2026 SE EREDIENSTE:

| 08:00 | 09:00 | 10:00 |
|---|---|---|
| **Kuierkerk** | **Hangklipkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Kirsten Small | Ds Heinrich Carstens | Ds Kirsten Small |
| 1 Kor 1:10-18 | 1 Kor 1:10-18 | 1 Kor 1:10-18 |

LIG | DEERNIS | HOOP







**YouTube**

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

*Gebruik gerus die* ***SnapScan-opsie*** *om jou offergawe te gee.*

SnapScan


Erediens tye 2026
Kuierkerk
08:00
Hangklipkerk
09:00
Kleinmondkerk
10:00
In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees.


KERKKANTOORure
Maandag - Vrydag
10:00 - 13:00
DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA

# Deuroffers


Vandag se deuroffers word vir
CAVA (Christelike Oudiovisuele Aksie) opgeneem.


Sondag 1 Februarie se deuroffers
is vir ons gemeente se
Arbeidsbediening.

# Program vir die week

## Maandag 26

**10:00** Begrotingsvergadering (TYD)
**11:30** Preekwerksgroep (Kapel)
**17:30** Diensverhoudinge (TYD)

## Dinsdag 27

**09:00** HK Gebedsgroep (Hangklipkerk)
**14:00** KK&K (Kapel)
**16:30** KM Gebedsgroep (Kapel)

## Woensdag 28

**17:00** Hangklip Bybelskool (Hangklipkerk)
**18:00** Dissipelskapgroep (TYD)

## Donderdag 29

**06:00** HK Mannegroep (Hangklipkerk)
**10:00** Kerkkantoor in Hangklip

## Vrydag 30

**06:30** KM Mannegroep (Kleinmondkerk)

## Sondag 1

**09:00** **Intreepreek & bevestiging**
*Dr Stephan Naudé*
**Gesamentlike Erediens**
(Kleinmondkerk)

# UITNODIGING NA SENDINGDAG

Die Foundation for Cross-cultural Education (FCE) wil graag lidmate van ons gemeente nooi om deel te neem aan hulle sendingdag (Missions Day) op Saterdag 31 Januarie. Die tema is Africa Arise.



Die organisasie bestaan al sowat 30 jaar en is bekend vir hulle toegewyde werk in Afrikalande. Met goeie resultate!

FCE doen vir ses maande van die jaar opleiding by die hoofkantoor in Pringlebaai (oorkant die indraai na die dorp). Daarna verder in Afrika. Hulle strewe is om Afrika met die evangelie en dissipelmaking te bereik.

Op die program is uitstallings vanaf 9-uur. Die opening om 10-uur word gevolg deur 5 verskillende werksessies wat gelyktydig aangebied word. Elkeen kan kies watter een hy/sy wil bywoon: 1) Jesus' approach to discipleship, 2) Building on the history of missions and revival, 3) The role of prayer in missions and in our lives, 4) Mobilising the next generation to spread the glory of Christ, en 5) God's purpose for the church in cross-cultural settings.

Hierna volg middagete. Kaartjies kan gekoop word vir hamburgers, worsbroodjies, pasteie, vetkoek met maalvleis, en meer. Daar is ook 'n snoepwinkel en boeketafel. Betaling kan met 'n kaart gedoen word, maar sommige stalletjies mag kontant vra.

Ná middagete word al die werksessies herhaal en elkeen kan 'n ander onderwerp kies. Die samevatting om 4-uur is die hoogtepunt van die dag: Die pad vorentoe en hoe ons die sendinguitdaging gaan aanvaar.

# Barmhartigheidsbediening

**BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**
***Algemene Jaarvergaderingvergadering***
***Woensdag 4 Februarie 2026 om 09:00***
***Kleinmondkerk***

**UITNODIGING**

*Alle lede van ons gemeente word uitgenooi om bogenoemde vergadering by te woon. Die jaar se finale beplanning word bespreek, en gemeentelede kry dan die geleentheid om by enige komitee aan te sluit. Hoe meer persone op n komitee dien, hoe beter is die funksionering van die Barmhartigheidsbediening. U sal merk dat daar drie komitees is sonder n voorsitter. Hier is u kans om te help. Ons wil graag "nuwe" bloed by ons kommisie betrek. Dit is n verrykende ervaring.*

***KOMMITEES***

- *Caritas (kospakkies) - Belinda Strydom*
- *Omgee-boetiek (klereverkope) - Corrie Hugo*
- *Funksies (bejaardes) - Hester Ferreira*
- *Toebroodjieprojek - Malinda Hugo*
- *Sopkombuis - Hester Ferreira*
- *Huisgebondes - Hartmut Spingies*
- *Welwillendheidsweek - Amanda Fourie*
- *Breiprojek - Tannie Essie*
- *Winterhoop - Elsabé Smit*
- *Mooiuitsig Kinders - Marietjie Reitsema*
- *Robertson Kinderhuis - Belinda Strydom*
- *Kleinmond Kinders - vakant*
- *Armoedeverligting - vakant*



***Ons pak die 2026-pad met groot opgewondenheid aan, want ons weet JESUS stap voor.***




Diensverhoudinge




KK&K

Kerkkantoor





Ons ontvang vir

# Dr Stephan en Chimoné Naudé

op Sondag 1 Februarie
in ons gemeente

Daar sal daardie Sondag net
EEN GESAMENTLIKE EREDIENS
om 09:00 in Kleinmondkerk wees

## Gebedsgroep

*Die eendragtige gebed van 'n groepie gelowiges in Jerusalem het die uitstorting van die Heilige Gees tot gevolg gehad. "...almal is vervul met die Heilige Gees..." (Hand. 2:4), sodat hulle tot aksie kon oorgaan. Kom bid saam vir die toerusting van elke gelowige in Kogelberg om bruikbaar en diensbaar te wees. (Di. 16:30 in Kapel)*

Ons dink met liefdevolle
meegevoel aan..

die familie en vriende
van Krynauw Burger
(PB2c), wat oorlede is.



**Ons opregte dank aan die NG Gemeente Kleinmond en spesifiek die gemeente-lede van die Hangklipkerk vir die voorreg wat ons die afgelope drie jaar gehad het om 'n geestelike pad saam met julle te kon loop.**
**Mag die Here julle ryklik seën.**

**Leopold en Riana van Huyssteen**

## Jeug




## Kategese




## Kursusse

In die week van 2 Februarie begin ons met twee kursusse wat oor 13 weke strek by Kleinmondkerk in Vierdelaan...

GriefShare® & DIVORCECare®

As deel van die rouberaad-ondersteuningsgroep bied Elza Marais die 2 kursusse aan. Vir meer inligting oor die twee kursusse, kontak gerus vir Elza by 082 706 2284.


Weeklikse Gebedsgroepe




# Mannebediening







Datums vir jou dagboek...
1 Feb
Intreepreek & bevestiging: Dr Stephan Naudé
21 Feb
Kleinmond Jukskeidag
6 Mrt
Wêreldbiddag vir Vroue
6 Mrt
Hangklip Hoenderbraai
6 Mrt
Wêreldbiddag vir Mans
Februarie & Maart
20 Mrt
Kos- en Kuiermark - Kleinmond Basaar
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG


Barmhartigheidsbediening
Caritas
Sopkombuis
Toebroodjies
Wil jy deel word van hierdie ongelooflike bediening in ons gemeente en gemeenskap?
Fynbos
Kinderhuis
Welwillendheid
Winterhoop
Breiprojek
Huisgebondenes
Jy word hartlik uitgenooi na ons eerste byeenkoms - Woensdag 4 Februarie om 09:00 in die TYD-kuierruimte.
Bo 80's
Mooiuitsig
Omgee-boutiek


FONDSINSAMELING
JUKSKEI DAG
21 Februarie
R480/span (4 spelers)
Bespreek by info@ngkogelberg.co.za


# Elke Woensdag...

## Hangklip Toerusting

Ons het op Woensdag, 21 Januarie 2026 (vanaf 17:00 - 18:00) begin met 'n nuwe toerustingsreeks by Hangklipkerk wat deur ds Hendrik Saayman aangebied word.

Dis nie noodsaaklik dat jy die meegaande boek aankoop nie, maar enkele boeke is wel teen R250-00 beskikbaar.

Kontak die Kerkkantoor as jy belangstel om deel te wees van hierdie reeks wat oor ongeveer 12 weke sal plaasvind.






**Merkwaardige mense kry rusplek in Hangklip-gedenkmuur**

*Fanie Krige*

Met die weglê van die asse van drie merkwaardige susters – Hanna Hopkins, Essie Honiball en Petro Viviers (gebore Wiese) – en Hanna se seun Hoppie (Henry Charles Kingsley Hopkins) verlede Sondagmiddag saam in die gedenkmuur by die Hangklipkerk, het hierdie muur, wat reeds 'n plek van stilte en herinnering is, 'n nuwe laag van betekenis gekry. Dit getuig van lewens wat diep verweef was met ons samelewing, ons kerk en ons gemeenskap.

Die susters was almal aktiewe lidmate van die NG Kerk en het hul geloof nie net in die erediens uitgeleef nie, maar ook in hul betrokkenheid by die gemeenskappe van Kleinmond en Bettysbaai. Hulle het met oorgawe deelgeneem aan die gemeentelewe en hul gawes gebruik om ander te dien.

Die gebeure het gevolg op 'n viering in die Harold Porter Nasionale Botaniese Tuin ter ere van Hanna Hopkins, wat op 20 Desember 2025 in die ouderdom van 102 by 'n aftreeoord in Somerset-Wes oorlede is. Ds. Anton Pienaar, wat die verrigtinge gelei het, het haar en haar susters se lewens beskryf in die konteks van die "Stille Generasie" – vroue wat tydens die Tweede Wêreldoorlog met moed en vindingrykheid 'n blywende bydrae tot die samelewing gemaak het. Daarmee is die era van vroue se beperking tot die huislike sfeer finaal deurbreek.

As jong predikantsvrou het Hanna die geleenthede wat haar gebied is ten volle benut: huisbesoek te perd deur die sneeu in die Oos-Kaapse hooglande, die reël van die eeufeesviering van die Meiringspoortpas, die vestiging van Arbeidsgenot in Oudtshoorn as museum vir die lewe en werk van CJ Langenhoven, die ontwikkeling van verblyfplek vir familielede van pasiënte by Groote Schuur-hospitaal, en haar betrokkenheid by die museum van die Sendinggestig.

Na hul aftrede het sy en haar man hulle in Bettysbaai gevestig, waar sy haar *joie de vivre* ten volle uitgeleef het met daaglikse swemsessies in die see. Op haar rug in die koue water kon sy met verrukking sê: *"Life is Beautiful."*

In die drie susters se familiegeskiedenis speel die Duitse sendeling Carl Friedrich Wuras 'n belangrike rol. Hy was lid van die tweede groep Berlynse sendelinge wat in 1836 in Suid-Afrika aangekom het. Deur sy ywer is Duitse sendingwerk in die Vrystaat gevestig en winsgewend gemaak met skaap-, bees- en perdeboerdery. Hy het versoening met die Boeregemeenskappe bewerkstellig en selfs die Vrystaatse presidente en volksraadslede op Bethanien gehuisves. Uit sy twee huwelike is vyftien kinders gebore, en vandag is daar baie nakomelinge van hom in Suid-Afrika – waaronder die Wiese-familie, waaruit die drie susters stam.

Die teksvers wat tydens die geleentheid gebruik is, Psalm 86:17 – "Maak my 'n voorbeeld van U goedheid", som Hanna se lewe mooi op. Sy het haar eie persoonlikheid nooit verloën nie, maar ander se uniekheid altyd geag en erken. Met hierdie agtergrond is dit geen verrassing dat Hanna as onwrikbaar in haar geloof beskryf word nie.



Nasate van die merkwaardige susters Hanna, Essie en Petro, almal as Wiese gebore en grootgeword in die Vrystaat, by die Hangklipkerk se gedenkmuur.



Johan Hopkins, Tannie Hanna se seun, lê haar as weg. Johan se broer, Henry, het in 2019 gesterf na hy deur vlamme oorval is in die verwoestende brand op Bettysbaai. Sy as is ook Sondag, lang's Tannie Hanna s'n gebêre.

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

**NG GEMEENTE KOGELBERG**

*ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA*

# VAKATURE

## ADMINISTRATIEWE ASSISTENT NGK KOGELBERG

***Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van Administratiewe Assistent vir die NG Gemeente Kogelberg word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.***

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195*
- **Kort CV van hoogstens 3 bladsye**
- Afskrif van ID-dokument

Sluitingsdatum vir aansoeke: **13 Februarie 2026 om 13:00**
Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za
**Diensvoordele** sluit in:

- ʼn Totale Koste vir Indiensneming pakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike ervaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.

**Die pligte sal onder andere die volgende insluit:**

- Dit sal van die Administratiewe Assistent verwag word om 25 tot 30 ure fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die Administratiewe Assistent sal aan die Bedieningsbestuurder, die voorsitter van die KK&K en die kerkraad van die gemeente rapporteer.
- Algemene Administratiewe pligte.
- Bestuur van eiendom tesame met die faktotum en die Eiendomsbediening.
- Aankope en bestuur van voorrade.
- Diens tydens eredienste (huwelike en begrafnisse).
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- ʼn Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.

**Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:**

- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudings te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en ʼn geldige bestuurderslisensie beskik.
- Rekenaarvaardig.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die gemeente se streek gegee word.

Diensaanvaarding: **1 Maart 2026.**

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
**NG GEMEENTE KOGELBERG**
*ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA*

# VAKATURE

## FAKTOTUM NGK KOGELBERG

***Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van faktotum vir die NG Gemeente Kogelberg word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.***

Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NGK Kogelberg, Kleinmond, 7195*
- **Kort CV van hoogstens 3 bladsye**
- Afskrif van ID-dokument

Sluitingsdatum vir aansoeke: **13 Februarie 2026 om 13:00**
Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NGK Kogelberg, 4de Laan 67, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan info@ngkogelberg.co.za
**Diensvoordele** sluit in:

- ŉ Totale Koste vir Indiensneming pakket (TKVI), bereken volgens die aanbevole sinodale salarisskale. Die salaris verbonde aan die pos sal bepaal word met inagneming van vorige toepaslike ervaring van die geskikte kandidaat
- Die TKVI sluit die volgende in: Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%).
- Verlofvoordele van 21 kalenderdae per jaar.

**Die pligte sal onder andere die volgende insluit:**

- Dit sal van die faktotum verwag word om 25 tot 30 ure fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Die faktotum sal aan die Eiendomsbediening en die kerkraad van die gemeente rapporteer.
- Sekuriteit
- Bestuur en instandhouding van eiendom tesame met die Eiendomsbediening.
- Gereedmaak van die kerk vir eredienste.
- Verantwoordelik vir die toesig oor skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- ŉ Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.

**Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:**

- Basiese tegniese vaardighede om klein noodherstelwerke binne sy/haar vermoë self te doen of te laat doen.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudings te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer en ŉ geldige bestuurslisensie beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit die gemeente se streek gegee word.

Diensaanvaarding: **1 Maart 2026.**

# Erediens in die Natuur

NG Kerk Kogelberg

God is getrou ... selfs in die wagtyd Ps 40

Ds Heinrich + Kirsten Small

Sondagoggend 18 Januarie 2026 9h00

Disakloof-kampterrein

Met liefde gemaak deur Joanne















# Veels Geluk...

## Saterdag 24 Januarie

Elsabé de Kock 082 774 7308 (Sb4)
Joan de Villiers 083 269 3990 (PB1)
Steynie Taljaard 079 452 8487 (PB1)
Danie Volschenk 083 321 6429 (BB6)

## Sondag 25 Januarie

Judy Gunther (BB1a)
Paul Jordaan 083 632 8808 (Ba1b)
Julian Maree 082 853 1337 (BB3)
Sanet Martin 082 669 0444 (Ba1a)
Piet Nel 083 614 9502 (Ba1b)
Hannes Nieuwoudt 084 699 8363 (HK1)
Dedré Singleton 076 253 8833 (Bb2)
Elmarie Smit 072 238 0549 (Sb2)

## Maandag 26 Januarie

Ester Botha 083 285 1321 (PB2a)
Coenie Groenewald 082 834 2128 (Ba2)
Pierre Groenewald 073 190 2275 (Sb2)
Betsie Hanekom 082 900 7345 (KP2)
Gerrit Hyman 072 406 6322 (Sb4)
Michael Hyman 072 333 2804 (Bb1)
Marita Jacobs 084 586 0103 (Sb2)
Sarine Pienaar 083 419 4989 (Sc2)
Annalet Venter (HK3)

## Dinsdag 27 Januarie

Rita Ehlers 072 133 5003 (Bb3)

## Woensdag 28 Januarie

Marietjie Biggs 083 409 5085 (BB1b)
Magda Hattingh 082 650 5604 (HK2)
Ria Hugo 072 235 4767 (KB2)
Bertha Nothnagel 084 724 1279 (PM1)
Albie Smith 072 267 2132 (KB5)

## Donderdag 29 Januarie

Douwlina Boshoff 083 629 6550 (Bb4)
Pauline Kruger 082 921 0338 (Bb4)
Anna Olivier 082 595 6722 (BB1c)
Jan van Wyk 084 708 8483 (Ba1a)

## Vrydag 30 Januarie

Mienke Boonzaaier (KB1)
Ilze de Haan 083 579 1441 (BB3)
Maretha du Toit 071 182 9943 (KP2)
Sarina Jordaan 083 632 8808 (Ba1b)
Christo Kok 083 257 8843 (KB6)
Maryna Loubser 084 548 2864 (Sb1)
Lorna Myburgh 084 603 6137 (HK1)
Anna van Zyl 082 466 8615 (KP2)




## GROEPGESPREKKE | 19 – 24 JANUARIE 2026

**1. Gesels bietjie saam...**

1.1. Vertel vir mekaar van die vakansietyd...

1.1.1. Wie van julle het kuiergaste gehad?

1.1.2. En wie was self so bietjie weg oor die groot dae?

1.1.3. Wat was die lekkerste ding wat jy gedoen of beleef het?

1.2. Waarna sien jy uit in 2026? En waaroor is jy maar bekommerd?

**2. Ons storie nou...**

2.1. Vertel mekaar van 'n keer toe dit vir jou gevoel het asof jy in sulke groot moeilikheid was, en jy gaan nooit weer daaruit kom nie.

2.2. Hoe dink jy sien mense ons as kinders van die Here vandag? Wat dink nie-gelowige mense van die kerk? Hoekom dink jy is dit so?

**3. God se storie...**

Lees **Psalm 40** en **1 Korintiërs 1:1-9** weer rustig saam deur en gesels dan oor die volgende temas en vrae:

3.1. Die psalmdigter sê die Here het hom uit die put van verderf en uit die modderige slik opgetrek. Hoe help die Here ons uit die moeilikheid uit? Het Hy al vir jou so gehelp?

3.2. In 1 Kor 1:9 sê Paulus God is getrou. Hoekom dink julle sê Paulus so? Het dit dan nie soms met hom moeilik gegaan nie? Hoekom sal mense dan so dikwels vir God blameer wanneer dit met hulle sleg gaan?

3.3. Paulus glo dat die Here hom geroep het. Dink jy dat God vir jou ook geroep het? Hoekom sê jy so?

3.4. Hoe beïnvloed die manier waarop ek en jy leef, hoe die wêreld oor die Kerk dink? Is wat die wêreld oor ons sê waar of nie? Wat moet ons as Kerk daaraan doen?

3.5. Wat beteken "Christians, cleaned up by Jesus and set apart for a God filled life..." (1 Kor 1:1-2 uit The Message)

**4. Hoe die Bybel ons storie verander...**

4.1. Hoe kan Ps 40 jou help, so aan die begin van die jaar?

4.2. Watter rol dink julle speel gebed daarin om weer vir ons nuwe hoop te gee?

4.3. Calvyn het gesê: "Die wêreld se dreigemente wat ons met vrees vul, moet ons dryf na God se beloftes toe." Wat bedoel hy daarmee en stem jy saam of nie?

4.4. Hoe kan ons elke dag onthou dat God getrou is?

4.5. Vra jouself elke dag die vraag af: Waar is God besig in die wêreld en hoe kan ek daarby betrokke raak?

4.6. Hoe kan jy elke dag leef asof jy eenkant gesit is, spesiaal vir God gemaak is?

**5. Sluit die byeenkoms af deur geleentheid vir stil of hardop gebede.**

**Ons lees dié week uit die Woord...**

Lees gerus die volgende teksgedeeltes uit die Woord en oordink dit hierdie week onder leiding van die Heilige Gees:

- Maandag 19 Januarie - Psalm 40 & 1 Korintiërs 1:1-9
- Dinsdag 20 Januarie - Psalm 27:1-9
- Woensdag 21 Januarie - Jesaja 9:1-4
- Donderdag 22 Januarie - Matteus 4:12-23
- Vrydag 23 Januarie - 1 Korintiërs 1:10-18
- Saterdag 24 Januarie - Psalm 27:1-9 & 1 Korintiërs 1:10-18